


SENIORSERTIFIKAAT- EKSAMEN



FEBRUARIE / MAART
2007

HOUTWERK

SG

Eerste Vraestel

Tekene

720-2/1 A

HOUTWERK SG: Vraestel 1
Vraestel & Antwoordboek

7 bladsye



720 2 1A

SG

X05



KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

HOUTWERK SG
(Eerste Vraestel: Tekene)

TYD: 3 uur

PUNTE: 100

BENODIGHEDE:

- Tekene-antwoordboek (720-2X) met drie A3-antwoordvelle

INSTRUKSIES:

- Die eksamenvraestel bestaan uit VIER vrae.
 - Al die vrae is VERPLIGTEND.
 - Na afloop van die eksamen moet jy jou antwoordvelle in numeriese volgorde in die boonste linkerhoek vaskram.
 - Jou eksamennommer moet in die linker onderste hoek van elke antwoordvel ingevul word.
 - Gebruik jou eie oordeel waar afmetings en/of besonderhede uitgelaat is.
-
-

VRAAG 1

Figuur 1 op bladsy 5 van hierdie eksamenvraestel toon 'n isometriese aansig van 'n **papiergewig**. Die driekantige prisma is in die middel van die seskantige prisma geplaas.

- 1.1 Teken volgens 'n skaal van 1:1, in **derdehoekse ortografiese projeksie**, die vooraansig, bo-aansig en linkeraansig in die gegewe spasies op Antwoordvel bladsy 2 van die Antwoordboek (720-2X).
- 1.2 Toon die volgende afmetings op die vooraansig aan:
 - (a) Die hoogte van die driehoekige prisma
 - (b) Die dikte van die seskantige prisma
 - (c) Die lengte van die seskantige prisma
- 1.3 Toon die projeksiesimbool. [18]

VRAAG 2

Figuur 2 op bladsy van die Antwoordboek 2 toon, in eerstehoekse ortografiese projeksie, die vooraansig en bo-aansig van 'n **servetring**.

Projekteer, meet en teken 'n **hulpaansig** soos gesien in die rigting van pyl **P** op die hulp-vertikale vlak op bladsy 2 van die Antwoordboek. [12]

VRAAG 3

Figuur 3 op bladsy 6 van hierdie eksamenvraestel toon die vooraansig, bo-aansig en linkeraansig van 'n **skof-tap-en-gatvoeg met groef** in eerstehoekse ortografiese projeksie.

- 3.1 Teken op bladsy 3 van die Antwoordboek, volgens 'n skaal van 1:1, 'n **isometriese aansig** van dele **A** en **B** los van mekaar, maar in 'n posisie om inmekaar te skuif op die isometriese asse.
- 3.2 Toon die versteekte besonderhede op deel **A**.
- 3.3 Die dele moet nie oorvleuel nie.
- 3.4 Gebruik hoek **C** vir die plasing van deel **A**. Sien Antwoordvel bladsy 3. [35]

VRAAG 4

Figuur 4 op bladsy 7 van hierdie eksamenvraestel toon 'n isometriese aansig van 'n kabinet.

Addisionele inligting:

- **Die kabinet-romp:**

- Alle relings is 60 mm breed en 30 mm dik.
- Die panele aan die kante en agter is 10 mm dik en pas in 'n groef wat 15 mm diep is.
- Die bo-reling (bo die laai), drareling (onder die laai), laaibobaan en laaigids is 45 mm breed en 25 mm dik.
- Die bodem (onderste rak) is 25 mm dik.
- Die blad is 30 mm dik en het 'n oorhang van 30 mm, voor en langs die kante.

- **Die laai:**

- Die laai pas in die opening bokant die deure.
- Die laai se diepte is gelyk aan die diepte van die kabinet.
- Die voorkant is 25 mm dik.
- Die sykante en agterkant is 15 mm dik.
- Die agterkant is 20 mm laer as die sykante.
- Die bodem, wat 5 mm dik is, pas in 'n groef en loop oor die hele lengte van die laai.

- **Die deure:**

- Die relings en style is 60 mm breed en 30 mm dik.
- Die laaghout-panele is 10 mm dik en pas in groewe wat 15 mm diep is.

Teken, volgens 'n skaal van 1:5, in eerstehoekse ortografiese projeksie op bladsy 4 van die Antwoordboek,

4.1 die vooraansig.

4.2 die deursnee-linkeraansig op snyvlak Y – Y, met die laai en deur in die toe posisie.

[35]

TOTAAL: 100




FIG. 1	PAPER WEIGHT PAPIERGEWIG	
--------	-----------------------------	--




FIG. 3

JOINT
VOEG






FIG. 4

CABINET
KABINET